

Fases van Geloofsontwikkeling

Primal Faith (0-2)

Dit is die eerste fase van geloofsontwikkeling en word tot waargeneem tot ongeveer 2 jaar (Fowler & Dell, 2006:3). In die eerste jaar vind meer fisieke en neurologiese groei plaas as in enige ander lewensfase. Gehegtheid tussen die kind en ouers in hierdie fase het kritiese implikasies op die aard van kinders se verhoudings verder in hul lewens. Gehegtheid verwys na die emosionele band tussen die kind en ouer, wat deur veral fisieke teenwoordigheid en kontak gestimuleer word. Die gehegtheid tussen die ouers en kind in hierdie fase bepaal hoe die kind emosionele bande met ander mense later kan vorm.

Die gehegtheid ontwikkel ook wat Erikson (1963 in Fowler & Dell, 2006:3) noem "basic trust". "Basic trust" word gevestig deur die liggaamlike kontak en teenwoordigheid, verbale en visuele interaksie, roetine gebeure en die ouers se affektiewe ingesteldheid teenoor die kind. Dit help kinders om die ang van verwydering en self-differensiasie te oorkom. 'n Gebrek aan emosionele gehegtheid en "basic trust" mag veroorsaak dat dit moeilik is vir kinders om 'n vertrouensverhouding met volwassenes op te bou, wat hulle ook later in hul lewe kan projekteer op God. Die teendeel is egter ook waar. Voldoende emosionele gehegtheid aan 'n ouer en "basic trust" maak die grond vir 'n verhouding met God soveel meer vrugbaar.

Intuitive-Projective Faith

"Intuitive-Projective Faith", volgens Fowler (1981:123), word met die kleuter- en vroeë kinderjare geassosieer. In hierdie fase is die fisieke (groot en fyn motoriese vaardighede) en kognitiewe ontwikkeling nou verwickeld met mekaar. Die neurologiese ontwikkeling is van so aard dat reflekse vinniger word en die kind meer ingewikkelde kommunikasie kan ontsyfer en oordra. Tydens hierdie fase begin die kind 'n konsep van self ontwikkel en teen die derde jaar ontwikkel die kind simboliese denke en "representational play" asook sosiale interaksie en outonome aksie (Fowler & Dell, 2006:4).

Die verbeterde taal-vaardighede maak dit moontlik vir die kind om ervaring en emosie te orden om betekenis te vorm. Kinders kan dan geloof identifiseer met simbole, beelde en stories uit hierdie betekenis struktuur. Negatiewe ervarings in die kind se gesin kan dus veroorsaak dat die beelde wat met geloof identifiseer negatief kan wees en positiewe ervarings laat die kind positief met geloof identifiseer (Fowler & Dell, 2006:4; Robbins, 1990:61). Hierdie fase is gevul met fantasie en imitasie en "...can be powerfully and permanently influenced by examples, moods, actions, and stories of visible faith of primally related adults" (Fowler, 1981:133).

Die kind projekteer die voorbeeld, houding, optrede en sigbare geloof van die ouers op die kind self. Hierdie fase is daarom in sekere opsigte baie vormend vir die kind se algemene aangevoel teenoor geloof en godsdiens.

Mythic-Literal Faith

"Mythic-Literal Faith" vind beslag tussen ongeveer 7-jarige ouderdom en puberteit, tussen 10 en 12 jaar en is die toetrede tot eerste, groot mylpaal-oomblik vir die kind self, naamlik om skool toe te gaan. Die kognitiewe ontwikkeling van die kind maak konkreet-operasionele denke moontlik. Dit beteken dat die kind oorsaak-gevolg kan redeneer. Hierdie oorsaak-gevolg denke plaas konstruksie van God in 'n morele perspektief waar God as 'n regverdige oer/ regter gesien word (Robbins, 1990:62). Goeie daede lei tot goeie ervarings, terwyl slegte ervarings die gevolg van slegte optrede is. Die jongmense begin in hierdie fase sterk gevoelens en emosies in die self en ander ervaar, maar kan dit nog nie noodwendig "plaas" nie (Fowler, 1981:149; Fowler & Dell, 2006:4).

Die manier hoe jongmense in hierdie fase betekenis vorm is deur stories. Die jongmense kan in die storie inklim, maar nie daarvoor reflekteer nie. Hierdie fase begin verflou wanneer die jongmense beseft dat die wêreld nie in eenvoudige oorsaak-gevolg patrone werk nie. Dit lei daartoe dat jongmense begin reflekteer oor hul gevoelens, maar ook geloof. Hierdie refleksie help die jongmense om die dinamiek van verhoudings in kategorieë van emosie te sien en geloof in kategorieë van emosie en verhoudings te beskryf en die gesin is die bekendste bron hiervan (Fowler, 1981:149-150; Fowler & Dell, 2006:4-5).

Die volgende groot mylpaal-oomblik vir die kind lê juis ook daarin dat die kind in verhoudings kan begin staan wat nie noodwendig deel van die gesin is nie. Dit is juis in die oorgang van hierdie fase na die volgende waar die gemeente 'n leidende rol kan speel om die verhoudings tussen die ouers en die kind te bevestig. Die gemeente moet die ouers en die kind help verstaan dat die aard van die verhoudings in die volgende fase gaan verander en hulle daarin bystaan om hierdie verandering konstruktief te hanteer. Wanneer die verhouding tussen die ouers en die kind bevestig en sterk is, kan die kind vrymoedig die nuwe fase betree.

Synthetic-Conventional Faith

"Synthetic-Conventional Faith" word algemeen vanaf adolessensie ervaar. In hierdie fase vorder die jongmense se kognitiewe vermoë van so aard dat die jongmense in staat is om meer abstrak te dink tot so 'n mate dat hy/sy kan reflekteer op eie refleksie. Identiteit is 'n brandende kwessie vir jongmense in hierdie fase wat veroorsaak word deur die vermoë om te evalueer hoe die jongmense ander sien en reflekteer oor hoe ander die jongmense sien. Die fase is dus sinteties, nie in die sin dat die jongmense se geloof kunsmatig is nie, maar in die sin dat dit afgelei word van ander belangrike mense, soos die portuurgroep, jeugwerker en die ouers (Robbins, 1990:62)

Die jongmense identifiseer ook met die persoonlike, in die sin dat God persoonlike eienskappe kry, soos liefde, goedheid en genade. In hierdie fase is die jongmense se "...religious hunger... for a God who knows, accepts and confirms the self deeply and who serves as an infinite guarantor of the self with its forming myth of personal identity and faith" (Fowler, 1981:153). Hulle vorm ook sterk bande met oortuigings en waardes, selfs al is daar teenstellings in elemente daarvan. In hierdie fase kom die jongmense se lewensbeskouing baie sterk na vore, hoewel dit eers later krities gereflekteer en evalueer word. Verskille in waardes tussen die jongmense en iemand anders beteken dat daardie persoon 'n ander tipe mens is. Geloof help die jongmense om inligting en waardes te integreer en vorm 'n hoeksteen van die jongmense se identiteit (Fowler, 1981:172-173; Fowler & Dell, 2006:5-6).